

IDASA literature

banned in TED schools

A BLANKET ban has been slapped on all literature from the Black Sash, IDASA, the Five Freedoms Forum and the Congress of SA Trade Unions (COSATU) in Transvaal Education Department schools.

Two Johannesburg headmasters, both of whom asked not to be named, told the *Weekly Mail* that they had been informed of the ban early last month.

"The directive was not signed or issued on an official letterhead, but because it came in a TED-registered envelope we can't ignore it. I suspect it may have originated in the security arm of the government," said one of the heads.

He told the *Weekly Mail* that the document, stamped "Confidential" on each page, instructed that no publication or pamphlets of the Black Sash, IDASA, COSATU, the Five Freedoms Forum or the "101 ways to end apartheid essay competition" could be distributed at TED schools. The TED controls all white government schools in the Transvaal.

According to the headmasters, they were warned to be on the lookout for new methods being used by "radicals" to further the "total onslaught".

Verbod op Dakar-ganger bly

DOMINEE Theuns Eloff van die Gereformeerde Kerk se besoek aan Dakar in 1987 — wat amper tot sy skorsing as predikant van Brooklyn, Pretoria gelei het — het onlangs weer opslae gemaak.

In 1987 het sy kerkraad 'n verbod geplaas op sy lidmaatskap van drie teologiese groepe, Resa (Reformatoriese Studiegroep van Suid-Afrika), Rebsa (die Reformatoriese Beweging van Suid-Afrika) en die NIV (Nasionale Inisiatief vir Versoening).

Hy is ook gevra om hom van IDASA, wat die Dakar-beraad gereël het, te distansieer.

Eloff het onlangs aansoek gedoen dat die verbod opgehef word, maar sy aansoek is deur die kerkraad geweier.

Klagbriewe van gemeentedele teen Eloff se besoek aan Dakar, waar 'n geskiedkundige ontmoeting tussen 'n groep Afrikaners en die ANC plaasgevind het, het kort na sy terugkeer tot sy voorlopige skorsing gelei "weens die onrus wat sy besoek in die gemeente sou saai".

Die skorsing is na enkele dae opgehef, maar Eloff moes hom by die streng reëls van die kerkraad neerlê.

Die onbuigsame standpunt van die kerkraad beteken onder andere dat Eloff nog steeds nie aan enige IDASA-bedywighe kan deelneem nie.

Student attitudes study starts

IT is commonly accepted that as a result of apartheid there exists a huge communication void between black and white South Africans.

Communities are sometimes practically isolated from each other by apartheid policies. It is also commonly accepted that a wide-ranging process of interaction and facilitation is needed to help white South Africans to reject apartheid and to discover an alternative that is non-racial and democratic in the true sense of the word.

However, this process would be meaningless without a sound academic basis which can contribute to the transformative process. The so-called white constituency is an important part of this process. It is for this reason that the first step was jointly taken by the political science departments of Rhodes University, Stellenbosch, the Randse Afrikaanse Universiteit and IDASA's research unit to gain more knowledge of a specific dimension of the "South African problem" — the political attitudes of students.

A study on the political attitudes of this group will assist the academic and broader community to understand what the beliefs, ideals and fears are of an important part of South Africa's youth. Such information will render valuable academic data. Although many studies have been undertaken on a large scale among the broader South African community (e.g., the Bergstraesser project in the late 1970s, and the studies conducted by Mark Orkin (Black Research Institute) and Mark-en-Meningsoopnames), it has not

yet been attempted on a large scale among students. It is hoped that most, if not all, of the Afrikaans and liberal campuses can be included.

This joint venture will be undertaken by leading academics from Rhodes, the Randse Afrikaanse Universiteit and Stellenbosch. Panelists and researchers are Peter Vale (Rhodes), Susan Booysen (RAU), Koos van Wyk (Rhodes), Jannie Gagliano (US), Bill Davis (Rhodes) and Ian Liebenberg (IDASA Research Unit).

Preliminary planning and preparations for this attitudinal survey, which will run concurrently at several universities, is currently underway. The study will be in full swing during April when questionnaires will be mailed to a sampling group of 10 per cent of the full-time residential students (under- and post-graduate). It is hoped that the results can be published before the end of 1989.

The study will enable researchers to get empirical verification of white South African students' attitudes on issues such as political affiliations, political sympathies (and non-sympathies), protest and repression potential, the newspapers they read and preferences for constitutional options.

It is hoped that this study will be a first step in doing on-going research on different levels which will contribute to an accurate and valuable understanding of a part of the "South African problem".

Ian Liebenberg
IDASA Research Consultant

'Moenie dink dit gaan ooit weer normaal word nie. Hy loop net nouer af vorentoe. As julle nie vir julleself aan julle skoenveters gaan optrek nie en sê, kyk, dis ons land ook dié, ons het ook 'n aandeel, ons wil ook ons bek oopmaak, ons wil ook sê hoekom het daai ander mense vir ons bepaal dat ons selfmoord moet pleeg...'

— Breyten Breytenbach

IN die herfs van 1986 het Breyten Breytenbach sowat 2 000 studente in Stellenbosch toegesprek en 'n dringende pleidooi gelewer vir Afrikaners, en dan veral jong Afrikaners, om betrokke te raak in die bevrydingstryd van die land. Sedertdien het baie water in die see geloop, onder meer die opeenvolgende noodtoestande, die pogings van die owerhede om die universiteite met nuwe wetgewing te "dissiplineer" en verskeie ander pogings om demokratiese jeugorganisasies te ontwrig en te muilband.

Nogtans het daar op Afrikaanse kampusse, veral na die onstuimighede van 1985 en 1986, 'n aantal nuwe en opwindende tendense ontwikkel. Een van die vernaamste is die vestiging van demokratiese organisasies op Afrikaanse kampusse, veral onder die studente. Hierdie nuwe geslag rebelle, produkte van die verbrokkeling van die Afrikaner-Nasionalistiese paradigma en die gepaardgaande

Nuwe geslag Afrikaans

eksistensiële krisis en angs, is nie langer bereid om soos baie van die Afrikaner dissidente voor hulle, uit te wyk na liberale kampusse nie. Intendeel, dit is duidelik dat hierdie studente besluit het dat dit tyd geword het om die "struggle" op 'n georganiseerde wyse huis toe te bring.

So is daar op die Tukkie-kampus oorgegaan tot die stigting van die Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS), op RAU die Afrikaner Teen Apartheid (AAA), op Stellenbosch is 'n tak van Nusas gestig en 'n aantal Port-Elizabethse studente het hulleself informeel begin organiseer. En die krag van hierdie organisasie lê daarin dat dit ander Afrikaners bewus maak van hulle eie onderdrukking, van die verkragting van die gewete van die Afrikaner in die naam van die Afrikaner; dat hulle die establishment bykans daagliks konfronteer met die immoraliteit van oorheersing en onderdrukking en dat hulle poog om die Afrikaanse studente uit hul staat van sosio-politieke apatie te ruk. Ons het dus hier te maak met die ontwikkeling en organisering van 'n brose Afrikaanse-left, van ware Afrikaanse politieke aktiviste — en dit opsigself is 'n belangrike verskynsel.

Maar selfs nog meer belangrik, is die feit dat al hierdie organisasies poog om 'n brug te skep na die breë struggle, en dus in die proses Afrikaner dissidensie red

van 'n moontlike narcisstiese verlustiging in 'n eie, eksklusiewe bevryding. Dit is hierdie tipe bevryding wat ewe maklik omgesit kan word in 'n destruktiewe anarchisme of kan ontfaar in 'n nuwe vorm van verligte ontvlugting. Hierdie brose Left is dan ook besig om sy eie organiese intellektuele te produseer, wat weliswaar ideologies divers is, maar saamgebind word deur 'n gemeenskaplike haat van apartheid en woede teen die bedrog van Afrikaner Nasionalisme. En die belangrikheid van hierdie ontwikkeling lê daarin dat daar ywerig gewerk word, nie net aan die herkenning, uitdrukking en beskrywing van hierdie bedrog nie, maar dat daar daadwerklik aandag gegee word aan die transformasieproses. En in die proses word meegelyp aan die opkoppeling van die Afrikanerbebevrydingstryd met die breë struggle, sowel as die vestiging van 'n alternatiewe interpreterende gemeenskap vir die Afrikaner.

Maar 'n mens kan met reg sê dat daar ook binne die universiteit establishment ten minste 'n bewussyn aan die ontwikkel is omtrent die krisis waarin die land en ook die Afrikaner verkeer. Oral is daar tekens van 'n besef dat die ou antwoorde nie meer voldoende en geregverdig is nie; daar is 'n gees van onsekerheid te bespeur by veral jong Afrikaner studente-leiers. In kampus-



starts

ale among students. It of the Afrikaans and d undertaken by leading andse Afrikaanse Uni-elists and researchers Booyesen (RAU), Koos giano (US), Bill Davis DASA Research Unit). eparations for this atti-oncurrently at several way. The study will be questionnaires will be of 10 per cent of the (under-and post-gra-ults can be published

chers to get empirical can students' attitudes tions, political sympa-rotect and repression read and preferences

be a first step in doing levels which will con-ble understanding of a lem".

Ian Liebenberg
Research Consultant



ag Afrikaanse rebelle

van 'n moontlike narcisstiese verlustiging in 'n eie, eksklusiewe bevryding. Dit is hierdie tipe bevryding wat ewe maklik omgesit kan word in 'n destruktiewe anarchisme of kan ontaard in 'n nuwe vorm van verligte ontvlugting. Hierdie brose Left is dan ook besig om sy eie organiese intellektuele te produseer, wat weliswaar ideologies divers is, maar saamgebund word deur 'n gemeenskaplike haat van apartheid en woede teen die bedrog van Afrikaner Nasionalisme. En die belangrikheid van hierdie ontwikkeling lê daarin dat daar ywerig gewerk word, nie net aan die herkenning, uitdrukking en beskrywing van hierdie bedrog nie, maar dat daar daadwerklik aandag gegee word aan die transformasieproses. En in die proses word meegehelp aan die opkoppeling van die Afrikanerbevrydingstryd met die breë struggle, sowel as die vestiging van 'n alternatiewe interpreterende gemeenskap vir die Afrikaner.

Maar 'n mens kan met reg sê dat daar ook binne die universiteit establishment ten minste 'n bewussyn aan die ontwikkel is omtrent die krisis waarin die land en ook die Afrikaner verkeer. Oral is daar tekens van 'n besef dat die ou antwoorde nie meer voldoende en geregverdig is nie; daar is 'n gees van onsekerheid te bespeur by veral jong Afrikaner studenteleiers. In kampus-

verband manifesteer dit as 'n versigtige vorm van ope gesprek. Die feit dat baie van hierdie demokratiese organisasies verduur word, die feit dat 'n mens byvoorbeeld op 'n redelike konserwatiewe kampus, soos die Kowsies, die reg (amptelik) het om ook 'n werkwinkel oor die Vryheidsmanifes aan te bied en die feit dat daar op baie kampusse sterk standpunt ingeneem word ten gunste van vryheid van spraak, is alles tekens van die besef dat nuwe antwoorde gesoek moet word, dat daar iewers iets nie pluis is nie.

Ook is daar 'n groeiende aantal gesiene Afrikaanse akademici en intellektuele besig om die sinkende Afrikaner Nasionalistiese skip te verlaat. Dit ontnem die Nasionale Party van sy mees dinamiese denkers, maar selfs meer belangrik as dit, is die feit dat hierdie dosente besig is om 'n nuwe akademiese/politieke debat op die kampusse in te dra. En alhoewel ons nie hier te make het met die vestiging van die een of ander revolusionêre diskoers nie, is hierdie 'n uiters belangrike ontwikkeling, aangesien dit die potensiaal skep vir die legitieme politisering van die Afrikaanse student.

Selfs die universiteitsadministrasie kom dan en wan met uitsprake vorendag wat 'n mens oorbluf laat. So het die Rektor van die Universiteit van Pretoria, Prof Danie Joubert, onlangs aan die nuwe

Tukkiestudente gesê dat die universiteit die weg van Afrikanisering ingeslaan het en dat dit beteken dat Tukkiës hulle sal moet voorberei vir "drastiese veranderinge op die kampus". En die nuwe Rektor van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, Prof Francois Retief, het onlangs sterk beklemtoon dat vryheid van spraak op die kampus gehandhaaf sal word. Sy opmerking het gevolg op die poging van 'n aantal regse studente om 'n werkwinkel op die kampus rondom die Vryheidsmanifes te ontwig.

Dit wil dus lyk of daar op Afrikaanse universiteite 'n groeiende besef is dat dinge "nooit weer normaal gaan wees nie", daar heers 'n gees van onsekerheid oor waarheen en hoe, en alhoewel dit nie beteken dat Afrikaanse universiteite besig is om bastionne van die demokrasie te word nie, is die verbrokkeling van die Afrikaner kohesie duidelik sigbaar.

Namate al meer Afrikaner rebelle op hierdie kampusse hulle stemme vind en laat hoor, namate al meer studente en dosente sê "dis ons land ook dié, ons wil ook ons bek oopmaak", wil dit lyk of die tafel gedek word vir die omskepping van die Afrikaanse universiteit as 'n belangrike en deurslaggewende "site of struggle" op die weg na die vestiging van 'n nierassige, demokratiese Suid-Afrika.

André Zaïman
IDASA Kampus Koördineerder